**13 Oktober** **Skrifgedeelte: Matteus 20:20-28**
**Fokusgedeelte: Matteus 20:21**

## Die versoek om aan Jesus se regterhand en linkerhand te sit

As die moeder van Johannes en Jakobus vir Jesus vra dat haar twee seuns onderskeidelik aan sy regterhand en linkerhand in sy koninkryk mag sit, vra Jesus vir hulle of hulle die lydensbeker kan drink wat Hy moet drink. Sonder om te twyfel, kom die antwoord: “Ons kan” (vs 22). O ja! As hulle maar net die beloning kan ontvang, is hulle daartoe bereid!

Dat hierdie twee dissipels sal ly, dit weet Jesus. Hy weet dat Jakobus vir sy geloof doodgemaak sal word (Hand 12:2) en dat Johannes na Patmos verban sal word (Op 1:9), maar om aan sy regter- of linkerhand te sit – daaroor beskik Jesus nie, maar net sy Vader.

Toe die ander tien dissipels gehoor het wat die twee broers vra, was hulle dadelik kwaad. Waarom? Omdat hulle ook te veel nagedink het oor die loon wat hulle gaan ontvang. Daarom vermaan Jesus hulle almal: Om groot te wees, vra nederigheid – dié nederigheid van Jesus wat nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien, tot aan die kruis!

Dié hartaangrypende vraag is: Waarom dien ons Jesus? Net vir loon? Of dien ons Hom nederig-dankbaar vir sy onuitspreeklike liefde en genade?

*Sing: Skrifberyming 15-8 (44):4, 5* *Dr. CJ Malan (Emeritus)*